10de Sondag na Trinitatisfees

ONDERSTEUNINGSTEKSTE: 2 KON 25:8-12 ROM. 9:1-8,14-16
PREEKTEKS: MARKUS 12:28-34

KINDERDIENS: **Shortcuts in die eksamen> lang vrae>**

TEMA : **ANY WHICH WAY YOU WIN!**

INLEIDING

Geliefdes in die Here,
Any which way you lose! Die Engelse gesegde het my altyd laat wonder waar dit vandaan kom en werklik beteken? Ek wil die aanwend om die voorafgaande gedeeltes te beskryf en dit dan positief omdraai vir die evangelie-blye boodskap vir vandag.

In die voorafgaande gedeelte word Jesus gepepper met vrae van verskillende groepe en indiwidue wat daarop uit is om Hom in 'n negatiewe lig te stel- Hy was onbekwaam of ‘n bedreiging. Vrae oor belasting,die opstanding. Almal kyk egter op hul neuse, every which way they lose!
Dan kom ons teks aan die beurt. Ek gaan die skrifgeleerde die benefit of the doubt gee dat hy ernstig met die vraag was. Wat is die heel grootste gebod?
Hoekom vra hy vir Jesus so 'n vraag? Daar was 613 gebooie. Hoe nou gemaak? Waar begin jy? Wat is die prioriteite?

Die probleem is as jy een verbreek het jy almal verbreek. Any which way you lose! Jesus antwoord die skrifgeleerde en vat die gebooie saam in twee. Dit gaan oor God en dit gaan oor die naaste. Teenoor God val die klem op *hele* hart, siel, verstand en krag. Onverdeelde aandag alle setels van emosies, redenering, aksie moet ingespan word vir een God en Hom alleen. Ook die naaste moet gekoester word, besorg oor gemaak word, beskerm word, soos jy dit self wil ervaar en vir jou die beste sal wees.

Die gebooie was daar gestel sodat any which way you win. God soek die beste van ons, vir die beste uit Sy hand. Hy soek 'n intieme verhouding. Hy is die beste vir ons en Hy wil dit so hou. Dit word onder andere vergelyk met mense wat die bron van lewende water verlaat vir waterbakke wat gebars is en nie water hou nie (Jer 2: 13).
Almal wen as die gebooie tot sy reg kom. God word die Leidsman en Meester, Beskermer en Onderhouer van ons lewe. Ons op ons beurt ons kyk uit vir mekaar, ons beskerm mekaar en mekaar se besittings en eer. Niemand steel van mekaar, begeer mekaar se eiendom, bring skade of die dood oor mekaar nie. Daar is eer en aansien vir meerderes en persone met autoriteit.

Waarvandaan het ons afgedwaal?

Is ons trots op God? Op ons God? Hoe lief het ons Hom? Moet dit nie verwar met

trots/liefde vir ons kerk/die denominasie nie. Denominasies hou soms mense uitmekaar uit. Ons meng nie, ons is beter. Hulle moet maar sien kom klaar. Dank die Here vir die Gesamentlike dienste wat al 21jaar aankom. Ons moet die byeenkomste cherish en ondersteun.
Soek ons die beste vir ons naaste? Ons het nie in ons land 'n goeie track rekord van liefde vir die naaste nie. Elkeen het sy eie belange beskerm en ander moes maar sien kom klaar. Kan ons dit omdraai, baie sal sê Dit is te laat -te veel skade is gedoen , maar dit is nooit te laat nie.

Dit gaan hier ook nie oor sukses of erkenning nie , maar die uitvoering van die riglyne van God. Soos verhoudinge reggestel kan word, huwelike opgetel kan word, so kan die regte eerlike benadering wondere verrig. God weet dat ons stof is, Hy ken ons tekortkominge, dit is hoekom Hy die prys gaan betaal het, die skuld op Hom laat neerkom het. Hy wil ons ondersteun in ons wandel met Hom en ons naaste. Sy Heilige Gees is tot ons beskikking om nader na Hom te beweeg, elke dag ons lewe aan Hom te wy en ons naaste tot voordeel te wees.

Die werêld strewe na mag, plesier, besittings wat van korte duur is. Dit is 'n fondament op sand dit gaan gepaard met ander verneuk, onregverdig op te tree, pyn te veroorsaak. Maar ons kan skatte bymekaar maak in die hemel sonder om God en ons naaste skade te berokken.
Hiertoe mag die Heilige Gees ons wysheid, raad en kennis gee. Die Vrede van Die Here sy met u! Amen